Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102 Epos : rpo@lantic.net
www.stocktheftprevent.co.za

NUUSVRYSTELLING

(Vir onmiddellike vrystelling)

VEEDIEFSTAL IS ‘N EKONOMIESE EN EMOSIONELE MISDAAD

Die Nasionale Prioriteitskomitee: Landelike Veiligheid het tydens ‘n vergdering wat op 12 Maart 2019 gehou was, die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum versoek om weer ‘n beroep op alle rolspelers te doen om saam te staan in die stryd teen veediefstal, wat ‘n hoogs ekonomiese en emosionele misdaad is, deur aan bestaande wetgewing te voldoen. Navorsing het bewys dat veediefstal in 'n groot mate afgeneem het sedert die Wet op die Identifikasie van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002), ingestel is.

Veediefstal het die ekonomie tydens die 2017/18-tydperk van R819 miljoen rand ontneem met die diefstal van bokke teen ‘n waarde van R65 miljoen, skape teen die waarde van R143 miljoen en beeste teen die waarde van R610 miljoen. Dié plaag hou ‘n bedreiging vir beide die kommersiële- en die opkomende boerderysektore in, in die grootste gedeelte van die land. Aspekte wat nie altyd in berekening gebring word wanneer vee gesteel word nie, is die impak daarvan op die werksekerheid van werknemers of mense wat van vee afhanklik is vir hul voedsel en ekonomiese oorlewing.

In die huidige misdaadrapporteringsperiode het veediefstal met 6,5% toegeneem, maar geen navorsing is onderneem om die redes daarvoor te bepaal nie. Die voorkoms van veediefstal kan nie net aan die aktiwiteite van die SAPD toegeskryf word nie, maar ook aan die feit dat rolspelers in die rooivleisbedryf nie aan wetgewing voldoen en toesien dat hul vee behoorlik geïdentifiseer word nie. Aankopers van vee, soos boere, spekulante, veeveilings, voerkrale en abattoirs kan onwetend die ontvangers van gesteelde vee wees indien hulle nie verseker dat die vee wat hulle aankoop aan die voorskrifte van die wet voldoen nie. Wette word in die proses oortree en swaar boetes kan opgelê word as ‘n oortreder skuldig bevind word.

Die Wet op die Identifikasie van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002) maak voorsiening vir die verpligte merk van vee en die Veediefstalwet, 1959 (Wet 57 van 1959) beheer die beweging van vee. Albei hierdie wette is in plek geplaas om die bedryf en die SAPD te ondersteun in die bekamping van veediefstal en om dit makliker te maak om gesteelde vee terug te vind. Dit wil voorkom asof ‘n groot gedeelte van die veehandel nie aan die basiese vereistes voldoen om veediefstal te voorkom nie. Met verwysing na die nie-nakoming van Artikel 6, *“Dokument van Identifikasie”*, was die Veediefstal Voorkomingsforum aangenaam verras om ingelig te word dat ‘n Landdros in die Vrystaat ‘n oortreder daaraan skuldig bevind het dat hy nie daartoe in staat was om ‘n met *Dokument van Identifikasie* eienaarskap te bewys nie. Hy is tot ‘n boete van R30 000 of tronkstraf van twaalf jaar gevonnis en dit is duidelik dat die regbank in Suid-Afrika bewus is van die ekonomiese en emosionele impak van veediefstal.

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum versoek die volgende:-

- Dat alle vee-eienaars ‘n unieke brandmerk in hul name registreer en dit op alle vee in hul besit op die voorgeskrewe manier aanbring soos bepaal deur die Wet op die Identifikasie van Diere.
- Die voltooiing en indiening van die “*Dokument van Identifikasie*” met alle transaksies.
- Dat alle lewendehawe-aankopers, afslaers, voerkrale en abattoirs vee-eienaarskap bevestig en weier om vee in ontvangs te neem wat nie gemerk is of waar die nodige identifikasiedokument en veeverwyderingsertifikaat nie voorsien word nie.

- Dat alle identifikasiedokumente vir 12 maande op rekord gehou word.

Die wetgewing is reeds vir baie jare in plek en baie vee-eienaars voldoen steeds nie aan die vereiste dat vee identifikasiemerke moet hê nie. Sedert die registrasie van identifikasiemerke het baie dinge egter in Suid-Afrika verander. Die uitvinding van die selfoon en die ineenstorting van Telkom-lyne in landelike gebiede het daartoe gelei dat baie telefoonnommers nie meer in werking is nie. Dit beteken dat die SAPD die betrokke eienaar nie kan kontak wanneer vee teruggevind word nie, tensy ‘n omvattende poging aangewend word.

Dieselfde geld vir vee-eienaars se identifikasienommers. Alle identifikasienommers het verander en die Registrateur van Brandmerke is nie daaroor ingelig nie. ‘n Ander probleem wat ondervind word, is dat wanneer persone met geregistreerde brandmerke nie meer vee-eienaars is nie of die merke aan iemand oordra, omdat dit ‘n situasie skep wat kriminele help om die stelsel te misbruik. Daarom versoek die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum alle vee-eienaars dringend om die Registrateur van Diere-identifikasiemerke te kontak en hul persoonlike inligting op te dateer of identifikasiemerke te verwyder by tel: 012 319 6000 of e-pos: sanetc@daff.gov.za Die fisiese adres is Delhpen-gebou, h/v Annie Bothalaan en Unionstraat, Riviera, Pretoria. Die volgende webtuiste kan besoek word vir meer inligting:
http://www.gov.za/services/animal-improvement/register-animal-identification-mark

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum versoek alle rolspelers in die rooivleisbedryf om dringed ‘n aktiewe rol in die die voorkoming van veediefstal te speel.

- ooo O ooo -

Datum : **9 Mei 2019**

Navrae :

Mnr Willie Clack
Voorsitter: Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum
Selfoon : **082 574 2653**
Epos : wclack@unisa.ac.za

Mnr Gerhard Schutte
HUB : RPO
Selfoon : **082 556 7296**
Epos: gerhard@rpo.co.za